GELOFTE SKOOL

(Graad 1 - 12)

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Hersien en goedgekeur November 2024.

(Hierdie gedragskode sal geld tot daar nuwe aanpassings aangebring word.)

Hierdie dokument moet gelees word in samehang met alle ander beleidsdokumente van Gelofte Skool en protokolle soos voorgeskryf deur die Departement van Basiese Onderwys.

Die volgende dokumente se reëls moet saamgelees en in die gedragskode geïnkorporeer word as aanhangsels:

- AKADEMIESE- EN ALGEMENE INLIGTINGSBOEKIES GRAAD 8 – 12.
- AKADEMIESE- EN ALGEMENE INLIGTINGSBOEKIES VIR PRIMÊR GRAAD 4 – 7.
- OUERINLIGTINGSBOEKIE – GRONDSLAGFASE GRAAD 1 – 3.
- SOSIALE MEDIA EN INLIGTINGSTELSELS.
- POPIA DOKUMENTASIE
- DWELMBELEID.
- DEPARTEMENTELE PROTOKOL - Sexual Abuse and Harassment in Schools 2019.

Die akademiese reëls en inligting word aan die begin van die jaar beskikbaar gestel aan alle leerders. Die bogenoemde aanhangsels is ook beskikbaar op D6 Communicator.

Die GEDRAGSKODE VIR LEERDERS bestaan uit die volgende 4 afdelings.

AFDELING EEN: INLEIDENDE BEPALINGS, VLAKKE VAN OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURE (Bl. 3-24)

AFDELING TWEE:
SKOOLREËLS EN ORDEREËLS (Bl.25-32)

AFDELING DRIE: NETHEIDSREËLS, SKOOL- EN SPORTDRAG (Bl.32-51)

AFDELING VIER:
HANTERING VAN ERNSTIGE GEDRAGSPROBLEME, HERHAALDE OORTREDINGS OF 'N OPEENSTAPELING VAN OORTREDINGS VOLGENS DIE AANMELDINGSTELSEL EN DETENSIE (Bl.51 – 56)

Vrystelling van bepalings van die gedragskode

i. Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.

ii. Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.

iii. Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.

iv. In die oorweging van ’n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir ’n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.

v. Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns, objektiwiteit en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

AFDELING EEN: INLEIDENDE BEPALINGS, VLAKKE VAN OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE PROSEDURE (Bl. 3-25)

1. WOORDOMSKRYWING

1.1 In hierdie Gedragskode, tensy uit die samehang anders blyk, beteken: -

(i) ‘**Beheerliggaam**’: die verkose beheerliggaam van Gelofte Skool soos gedefinieer in terme van artikel 16(1) van die *Skolewet* (Wet 84 van 1996).

(ii) Die etos van Gelofte Skool is tans gebaseer op Christelike waardes. Die beginsel van Godsdiensvryheid, soos verskans in die Grondwet word egter onderskryf. Dit beteken in wese dat ouers en leerders:

- die reg het om vrygestel te word van enige geleenthede waar godsdiens beoefen word;
- hul eie godsdiens mag beoefen; en
- nie onderhewig aan enige diskriminasie in dié verband mag wees nie.

(iii) **‘Regulasies’**: Die Regulasies van toepassing op Beheerliggame van Openbare Skole.

(iv) ‘**Skool’:** Gelofte Skool as gewone openbare skool ingevolge die *Skolewet* (Wet 84 van 1996).

(v) ‘**Ernstige wangedrag’**: enige aksie deur ‘n leerder wat die welstand van ‘n ander leerder, lid van die personeel of ander lid van die skoolgemeenskap bedreig of wat gedrag konstateer wat berading deur ‘n buite-instansie noodsaak.

(vi) ‘**Grondwet’**: die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996).

(vii) **‘Kriminele wangedrag’**: enige aksie deur ‘n leerder wat ‘n gemeenregtelike of statutêre oortreding mag konstateer en wat tot enige aksie deur die Suid-Afrikaans Polisiediens mag lei in terme van die Suid-Afrikaanse Strafregstelsel

(viii) **‘Leerder’**: enige persoon wat onderwys ontvang of verplig is om onderwys te ontvang in terme van die Skolewet.

(ix) **‘Opvoeder’**: enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer;

(x) **‘Ouer’**: die ouer of voog van ‘n leerder; die persoon met wettige aanspraak op sorg vir ‘n leerder; die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ‘n persoon ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

(xi) **‘Skolewet’**: die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, 1996 (Wet 84 van 1996).

(xii) **‘Skoolgemeenskap’**: die opvoeders in diens van die skool, die leerders wat by die skool ingeskryf is om onderrig te word, die ouers van ingeskrewe leerders en die personeel verbonde aan die skool.

(xiii) **‘Wangedrag’**: enige handeling deur ‘n leerder wat negatief mag inwerk op:

- die onderrig en/of opleiding van daardie leerder of enige ander leerder van die skool; of
- die atmosfeer van ‘n doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses in die klaskamer, of enige ander skoolaktiwiteit of die leerproses van mede-leerders by die skool, nadelig mag affekteer.

2. REGSGELDIGHEID

2.1 Hierdie Gedragskode is:

2.1.1 binne die raamwerk van die wetgewing van toepassing op die bedryf van openbare skole na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool saamgestel; en deur

2.1.2 die Beheerliggaam, leerders, ouers en opvoeders van die skool aanvaar as bindend op alle rolspelers en funksionarisse van die skool.

3. DOELSTELLINGS

3.1 Die doelstellings van hierdie Gedragskode is om:

3.1.1 die ordelike verloop van die skoolprogram te reguleer en te beheer en daardeur te verseker dat die opvoedkundige doelstellings van die skool bereik word;

3.1.2 deur middel van orde, dissipline en respek die grondslag vir sukses en ‘n gelukkige skoolgemeenskap te lê en om sodoende ten volle uitvoering te gee aan die visie en missie van die skool;

3.1.3 die basiese beginsels van geregtigheid te waarborg deur gelyke beregtiging in ooreenstemming met duidelik omskrewe prosedures aan alle oortreders.

3.1.4 skuld vas te stel op 'n oorwig van waarskynlikheid alvorens enige straf toegemeet word;

3.1.5 te verseker dat tug eenvormig en in verhouding tot die aard van die oortreding toegepas word;

3.1.6 oortreders deur middel van regstellende maatreëls en/of korrektiewe stappe tot positiewe insigte te beweeg; en

3.1.7 waar geen gesindheidsverandering bewerkstellig kan word nie, of in die geval van ernstige vergrype, die oortreder permanent uit die skoolgemeenskap te verwyder deur middel van permanente uitsetting.

4. GRONDSLAG

4.1 Die grondslag vir die dissiplinêre stelsel soos in hierdie Gedragskode uiteengesit, is om:

4.1.1 voorsiening te maak vir die eenvormige finalisering van oortredings deur middel van ‘n duidelik omskrewe en behoorlike prosedure;

4.1.2 regverdig en objektief op te tree in die geval van herhaalde oortredings of ‘n opstapeling van oortredings;

4.1.3 deur middel van die gerekenariseerde aanmelding- of debietstelsel wat bestaan uit gekategoriseerde duidelik omskrewe oortredings, elkeen met ‘n spesifieke aantal debietpunte belaai, te verseker dat alle leerders gelyk behandel word ten opsigte van strafmaatreël.;

4.2 In die toepassing en nakoming van hierdie Gedragskode geld die volgende beginsels deurentyd:

4.2.1 Afrikaans is die voertaal van die skool, die taal waarin gekommunikeer word en die taal waarin onderrig aan leerders gebied word; en

4.2.2 die skool sal Christelike godsdiens en beginsels uitleef op die basis dat elke leerder, opvoeder en personeellid se reg tot vryheid van gewete en godsdiens erken en gerespekteer word, en dat godsdiensbeoefening by die skool op 'n billike wyse geskied en bywoning daarvan deur leerders en personeellede vrywillig is.

4.3 Hierdie Gedragskode sal deurentyd so toegepas word dat dit in die besonder:

4.3.1 elke leerder se reg op basiese opvoeding en op gelyke toegang tot die skool sal waarborg’;

4.3.2 sal verseker dat die skoolgemeenskap nie onbillik teen enige leerling sal diskrimineer op grond van ras, kleur, geslag, seksuele oriëntasie, geslagtelikheid, klas, gestremdheid, geloof, gewete, godsdiens, kultuur of taal nie;

4.3.3 alle leerders, lede van die personeel en opvoeders sal beskerm teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld by die skool;

4.3.4 die reg wat elke leerder, lid van die personeel en opvoeder het op vryheid van gewete, godsdiens, geloof, opinie, spraak en uitdrukking, te beskerm en 'n kultuur van verdraagsaamheid te kweek;

4.3.5 die regte en pligte van ouers om aan hul kinders leiding te gee in die uitoefening van hul regte as leerders, te erken op 'n manier wat versoenbaar

is met die ontwikkelende vermoëns van die betrokke leerder; en

4.3.6 elke leerder, lid van die personeel en opvoeder se reg erken op vryheid van assosiasie en om te vergader, vreedsaam en ongewapen, sonder om op die regte van andere inbreuk te maak, te demonstreer en petisies te oorhandig.

5. VERBINTENIS TOT NAKOMING

5.1 VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS

5.1.1 Die uiteindelike verantwoordelikheid vir leerdergedrag berus by die ouers as primêre opvoeders. Daarom is dit noodsaaklik dat ouers:

(i) die skool sal ondersteun deur te help toesien dat leerders alle skool- en ordereëls getrou nakom en verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige moedswillige wangedrag deur leerders;

(ii) leerders skool toe sal stuur nadat deeglike aandag gegee is aan gesondheid, persoonlike higiëne en die korrekte skooldrag;

(iii) ‘n deurlopende belangstelling in die leerder se werk en aktiwiteite sal handhaaf;

(iv) dit vir leerders moontlik maak om hul werk te kan doen deur tuis ‘n atmosfeer te skep wat bevorderlik is vir leer;

(v) aandag sal skenk aan die skool se versoeke wat die lees van alle dokumentasie, en die teken en terugstuur daarvan behels;

(vi) sal verseker dat die leerder skool getrou bywoon en elke dag betyds is; en

(vii) aktief sal bydra tot aksies wat deur die Beheerliggaam rakende die skool se aktiwiteite van stapel gestuur word.

5.1.2 Indien ‘n ouer probleme met sy kind se onderrig ervaar of ‘n klagte wil indien, moet die volgende interne kanale gevolg word:

(i) die ouer maak ‘n afspraak met die onderwyser om die probleem te bespreek; en

(ii) indien daar nie tot ‘n vergelyk gekom word nie, kan die graadvoog, departementshoof, adjunkhoof of die hoof met die

probleem genader word.

5.1.3 Ouers moet tuis en in die openbaar ‘n bydrae lewer om ‘n positiewe beeld van die skool en sy personeel uit te dra. Daarom moet griewe en ongelukkigheid op die wyse wat hierbo uiteengesit is en, in privaatheid hanteer word met inagneming van beide partye se menswaardigheid en professionaliteit.

5.2 VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SKOOL

5.2.1 Die skool onderneem om die volgende na die beste van sy vermoëns en in soverre departementele beleid dit veroorloof, na te kom:

(i) elke leerder as individu raak te sien en te ontwikkel tot sy/haar volle potensiaal;

(ii) deeglik voorbereide personeel sal voorsien wat toegewyd en met stiptelikheid hul taak sal aanpak en deurvoer;

(iii) fasiliteite te ontwikkel en te onderhou wat ‘n bydrae sal lewer tot die totale ontwikkeling van elke leerder; en

(iv) om in samewerking met ouers te werk aan die kweek van selfdissipline by elke leerder.

6. BEMAGTIGING VAN OPVOEDERS EN PERSONEEL

6.1 Elke opvoeder en lid van die personeel van die skool:

6.1.1 Is te alle tye verantwoordelik vir die handhawing van orde en dissipline op elke terrein waar hy/sy met leerders betrokke is.

6.1.2 Het volle outoriteit en verantwoordelikheid om leerdergedrag te korrigeer waar en wanneer korrigering ook al nodig mag wees. Ernstige oortredings moet na die Skoolhoof of sy gevolmagtigde(s) verwys word indien die betrokke opvoeder of lid van die personeel dit nie self kan hanteer nie.

6.1.3 Is bemagtig om ‘n leerder wat hom/haar skuldig maak aan pligsversuim of wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree, te hanteer op een van die volgende wyses, soos wat hy/sy in die omstandighede mag oordeel:

6.1.3.1 ernstige mondelinge vermaning;

6.1.3.2 uitreiking van ‘n skriftelike vermaning;

6.1.3.3 oplegging van addisionele en waardevolle akademiese werk; of

6.1.3.4 aanmeldingstelsel in werking stel.

6.2 Die skoolhoof, graadvoogde asook sodanige opvoeders wat spesifiek skriftelik daartoe gemagtig is deur die Skoolhoof, is bemagtig om dissiplinêre oortredings wat ingevolge die debietstelsel na hom verwys word, te hanteer op een van die volgende wyses, soos wat hy/sy in die omstandighede mag oordeel:

6.2.1 oplegging van pligte wat bydra tot die verbetering van die skoolomgewing bv. tuinwerk, banke skuur, administratiewe pligte, ens;

6.2.2 terughou van leerder na skool (detensie);

6.2.3 leerder verbied om aan sekere aktiwiteite van die skool deel te neem, bv sport, kultuur, ens;

6.2.4 uitvoer van skriftelike opdragte soos wat hy/sy in die omstandighede mag oordeel;

6.2.5 uitreiking van ‘n finale waarskuwing; of

6.2.6 ‘n leerder, in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedure, uit die klas onttrek waar dit nodig geag word.

7. KATEGORISERING VAN OORTREDINGS

(Die sosiale mediabeleid, dwelmbeleid, seksuele mishandeling en teistering protokol en eksamenreëls moet hierby ingelees word asof dit spesifiek deel vorm van die bepalings van die gedragskode).

7.1 Oortredings word gerieflikheidshalwe in kategorieë ingedeel sonder om afbreuk te doen aan die beginsel dat daar graadverskille in die erns van oortredings bestaan en dat regstellende maatreëls en/of korrektiewe stappe na gelang van die erns van die oortreding bepaal word. Die volgende kategorieë oortredings word aangespreek:

7.1.1 Minder ernstige, bloot dissiplinêre oortredings, insluitend oortredings rakende pligsversuim (Kategorie 1)

7.1.1.1 wat informeel en mondelings afgehandel word.

7.1.1.2 wat deur middel van ‘n duidelik omskrewe proses (Die Aanmeldingstelsel) gefinaliseer word.

7.1.2 Ontwrigting van klasse. (Kategorie 2)

7.1.3 Meer ernstige oortredings (Kategorie 3) wat in ooreenstemming met ‘n duidelik omskrewe proses gefinaliseer word. Hierdie oortredings is as volg:

7.1.3.1 etiese en morele oortredings; of

7.1.3.2 herhaalde oortredings of ‘n opstapeling van oortredings wat aangedui word deur die aantal debiete op die aanmeldingstelsel.

7.1.4 Ernstige oortredings, insluitend oortredings rakende dwelms of gewoontevormende middels, drank, oortredings van seksuele aard asook oortredings van kriminele aard wat deur die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam hanteer word (Kategorie 4).

KATEGORIE 1: HANTERING VAN MINDER ERNSTIGE, BLOOT DISSIPLINÊRE OORTREDINGS

1. VOORBEELDE VAN OORTREDINGS IN HIERDIE KATEGORIE

Die volgende is voorbeelde van kategorie 1 oortredings:

- rumoerigheid;
- algemene ongehoorsaamheid in die klaskamer;
- pligsversuim;
- oortreding van enige bepalings ingestel vir die voorkoming van aansteeklike siektes;
- probleme met betrekking tot netheid, voorkoms en kleredrag.

2. PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD

Indien die leerder skuld beken op die klagte van die opvoeder of lid van die personeel, word die oortreding op een van die volgende wyses hanteer:

2.1 mondelingse teregwysing deur die opvoeder of lid van die personeel en die aangeleentheid word as afgehandel beskou en geen formele prosedure word vereis nie; of

2.2 aanmelding van die oortreding volgens die neergelegde prosedure op die aanmeldingstelsel.

KATEGORIE 2: ONTWRIGTING VAN KLASSE/EKSAMENS: TYDELIKE UITSETTING UIT KLASKAMER EN UITSTEL VAN EKSAMENVRAESTEL SE TYD

1. GEDRAG WAARTEEN OPTREDE GEMIK IS

Gedrag en/of optrede van ‘n leerder in die klaskamer wat sodanig is dat dit ontwrigtend inwerk op die onderrig van ander leerders en/of die opvoeder se taak om behoorlik onderrig te gee of die ontwrigting van ‘n eksamen.

2. PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD

2.1 Die opvoeder moet die leerder gedurende die periode in privaatheid persoonlik aanspreek. Die leerder moet pertinent gewaarsku word dat tydelike uitsetting uit die klaskamer oorweeg sal word as sy optrede nie verander nie.

2.2 Indien die probleem voortduur, vergesel die klaer (die opvoeder of lid van die personeel wat die oortreding aanmeld) die leerder na die graadvoog waar die klagte in die teenwoordigheid van die leerder gestel word.

2.3 As die leerder skuld op die aanklag beken, word die leerder aangemeld vir klasontwrigting. Dit word duidelik aan die leerder gestel dat dit ‘n waarskuwing is om sy gesindheid te verander en dat ‘n herhaling kan lei tot verdere aksies wat tydelike uitsetting uit die klaskamer kan insluit. As sy pleit van skuldig en kennisname van verdere optrede, onderteken die leerder die aanmeldingstrokie. Na herhaalde oortredings stel graadvoog die ouer telefonies in kennis van die saak.

2.4 As die leerder onskuldig pleit op die aanklag word die saak deur die graadvoog aangehoor. Om tot ‘n regverdige bevinding te kom, kan die graadvoog die partye in die privaatheid van sy kantoor ondervra om onduidelikhede op te klaar. Die graadvoog maak sy bevinding aan die partye bekend en indien hy bevind dat die klagte:

2.4.1 gegrond is, word stap 2.3 in werking gestel; of

2.4.2 ongegrond is, word die aanmeldingstrokie geliasseer.

2.5 As die leerder ontevrede is met die beslissing van die graadvoog moet hy sy verweer binne vier skooldae onder die aandag van die hoof bring. Om tot ‘n regverdige bevinding te kom, kan die hoof die partye in die privaatheid van sy kantoor ondervra om onduidelikhede op te klaar. Die hoof maak sy bevinding aan die partye bekend en indien:

2.5.1 hy bevind dat die klagte gegrond is, word stap 2.3 in werking gestel; of

2.5.2 hy bevind dat die klagte ongegrond is, word die aanmeldingstrokie geliasseer.

2.6 Indien ‘n leerder enige vorm van wangedrag openbaar tydens ‘n eksamen/toets, het die skoolhoof die bevoegdheid om die betrokke leerder die vraestel op dieselfde dag, maar tydens ‘n later tydgleuf te laat skryf.

3. OPTREDE INDIEN GEEN VERBETERING INTREE NIE

3.1 Indien daar, na die stappe in die voorafgaande paragraaf, geen waarneembare verbetering in die leerder se optrede intree nie, word die ouers versoek om ‘n onderhoud met die hoof te voer en ‘n afspraak word so gou moontlik gereël.

3.2 Afhangend van die erns van die oortreding en met inagneming van die leerder se rekord, word 3.2.1 of 3.2.2 in werking gestel:

3.2.1 Die ouers word pertinent daarop attent gemaak dat ‘n herhaling van die gewraakte optrede sal lei tot die tydelike verwydering van die leerder uit die klaskamer en ‘n finale waarskuwing in hierdie verband word aan die leerder gerig. Hierdie finale waarskuwing moet deur die ouers sowel as die leerder onderteken word.

3.2.2 Daar word gereël dat die leerder vir hoogstens een week uit die klaskamer gesit word.

4 PROSEDURE BY UITSETTING

4.1 ‘n Afspraak word met die ouers gereël waartydens die probleem gestel word.

4.2 Die leerder se ouers word verwittig van die leerder se jongste optrede en hulle aandag word pertinent gevestig op die feit dat dit ‘n herhaling van die gedrag is wat aanleiding gegee het tot finale waarskuwing. Die skrywe moet die datum

waarop die tydelike verwydering uit die klaskamer ‘n aanvang sal neem sowel as die datum waarop dit ten einde loop, vermeld. Hierdie kennisgewing moet deur die ouers sowel as die leerder onderteken word.

5. POSISIE VAN LEERDER TYDENS VERWYDERING UIT KLASKAMER

5.1 Gedurende die tydperk van verwydering uit die klaskamer moet die leerder:

5.1.1 elke dag by die skool aanmeld en in 'n aangewese lokaal sy werk op datum bring;

5.1.2 self sorg om huiswerkopdragte in die hande te kry;

5.1.3 elke periode eers by die klas aanmeld en die vorige dag se huiswerk toon, waarna hy/sy dan in die wagkamer by die administratiewe kantoor of ander aangewese plek moet stelling inneem tot die einde van die periode;

5.1.4 in hierdie tyd hy/sy huiswerk op datum kry en studeer; en

5.1.5 alle huiswerk in hy/sy eie handskrif inhaal inaggenome dat geen fotostate toegelaat word nie.

5.2 Na afloop van die uitsettingsperiode moet die leerder die graadvoog skriftelik versoek om weer tot die klas toegelaat te word. Hierdie versoek sal slegs toegestaan word na bewys gelewer is dat alle huiswerk op datum is. Indien nie, word die ouer versoek om skool toe te kom sodat die saak aangespreek kan word. Die moontlikheid van verdere uitsetting tot die verlangde bewys gelewer is dat werk op datum is, bly steeds van toepassing. Die bewys dat alle uitstaande werk op datum gebring is, moet reeds op die laaste dag van uitsetting by elke vakonderwyser verkry en aan die graadvoog voorgelê word vir goedkeuring.

KATEGORIE 3: AFHANDELING VAN MEER ERNSTIGE OORTREDINGS INGEVOLGE DIE AANMELDINGSTELSEL

1. DOELSTELLINGS

1.1 Die instandhouding van hierdie Dissiplinêre Kode is gemik op opbouende dissipline wat leerders sal aanhelp om emosioneel en intellektueel te groei sodat hulle

gesonde opvattings oor hulself sal hê en die innerlike oortuiging verkry van die waarde van selfdissipline wat lei tot persoonlike integriteit en uitnemendheid.

1.2 Die doel van die aanmeldingstelsel is:

1.2.1 om ‘n veilige en geborge klimaat te skep waarbinne elke ander leerder die optimum opvoeding en geleentheid om te leer kan ontvang;

1.2.2 om die gedrag van leerders te verbeter en om verdere oortredings te voorkom;

1.2.3 om deur middel van opbouende dissipline te help om karakter te bou en ordelike ontwikkeling te stimuleer; en

1.2.4 om leerders op die regte pad te hou of, waar hulle gedrag nie langer geduld kan word nie, om hulle uit die skoolgemeenskap te verwyder.

2. TOEPASSING VAN DIE STELSEL

Die stelsel word deur die hoof en die graadvoogde toegepas en deur die beheerliggaam, opvoeders, ouers en die VLR onderskryf en ondersteun.

3. KATEGORISERING VAN OORTREDINGS ONDER HIERDIE AFDELING

3.1 Oortredings wat in ooreenstemming met die stelsel aangespreek word, is in twee kategorieë gegroepeer, naamlik:

3.1.1 ernstige gedragsprobleme; en

3.1.2 herhaalde oortredings of opstapeling van oortredings.

4. REGSTELLENDE MAATREËLS EN KORREKTIEWE STAPPE

4.1 Uitreik van ‘n finale waarskuwing

4.1.1 Daar moet gereël word vir die spoedige beregting van die aangeleentheid. Vir die doel tree die skoolhoof of ander objektiewe persoon deur die skoolhoof benoem, as voorsitter van ‘n semi-formele prosedure op waartydens die betrokke partye voldoende geleentheid gebied word om hul weergawe van die insident(e) voor die voorsitter te plaas vir regverdige beregting. Die skoolhoof of persoon wat as voorsitter by die verrigtinge optree, moet volledig

notule van die verrigting hou of laat hou.

4.1.2 Die ouers van die leerder moet in kennis gestel word dat ‘n klagte weens ‘n beweerde oortreding van die Gedragskode teen hul kind ingebring is. Die ouers moet verwittig word van die tyd en plek waar die aangeleentheid gefinaliseer sal word en dit moet verder beklemtoon word dat hulle die reg het om die leerder te vergesel.

4.1.2.1 Die voorsitter bied die klaer, in die teenwoordigheid van die leerder en sy ouer(s), die geleentheid om die klagte te stel en enige stawende getuienis voor te lê.

4.1.2.2 Daarna word die leerder die geleentheid gebied om sy weergawe van die insident(e) asook enige stawende getuienis met behulp van sy ouers op rekord te plaas. Die Skoolhoof of persoon wat as voorsitter by die verrigtinge optree, moet volledig notule van die verrigting hou of laat hou.

4.1.3 Nadat beide partye voldoende geleentheid gebied is om hul weergawes met stawende getuienis, indien enige, op rekord te plaas, oorweeg die voorsitter die feite en maak ‘n bevinding wat binne redelike tyd aan die betrokkenes bekend gemaak moet word.

4.1.4 Indien bevind word dat die klagte gefundeer is, word volledige besonderhede van die oortreding, die aanmelder en die bevinding van die voorsitter tydens die verhoor in die toepaslike register aangeteken en dit word duidelik aan die leerder en sy ouers gestel dat dit ‘n finale waarskuwing is om sy gesindheid te verander en dat ‘n herhaling van hierdie of ander soortgelyke oortreding sal lei tot sy tydelike uitsetting uit die skool. Die leerder en sy ouers onderteken die inskrywing in die register of die brief wat deur die skool aan die ouer en leerder besorg word.

4.1.5 Indien bevind word dat die klagte nie gefundeer is nie, word die toepaslike inskrywing in die register aangeteken. Die betrokke persone teken by die inskrywing.

5 Uitsetting van die leerder uit die klaskamer of skool

Indien geen verbetering in die gedrag of optrede van die leerder plaasvind nie, word die

volgende stappe in werking gestel:

5.1 ‘n afspraak word met die ouers gereël waartydens die probleem gestel word; en

5.2 die leerder se ouers word verwittig van die leerder se jongste optrede en hulle aandag word pertinent gevestig op die feit dat dit ‘n herhaling van die gedrag is wat aanleiding gegee het tot finale waarskuwing. Die skrywe moet die datum waarop die tydelike verwydering uit die klaskamer/skool ‘n aanvang sal neem sowel as die datum waarop dit ten einde loop, vermeld. Hierdie kennisgewing moet deur die ouers sowel as die leerder onderteken word.

6. DIE POSISIE VAN DIE LEERLING TYDENS UITSETTING

6.1 Uitsetting uit die klaskamer word hanteer soos uiteengesit in Kategorie 2, Punt 4.

6.2 Gedurende die tydperk van uitsetting uit die skool moet die leerder:

6.2.1 self sorg om huiswerkopdragte te bekom en sy huiswerk voltooi asof geen uitsetting van krag is nie; en

6.2.2 na afloop van die uitsettingsperiode skriftelik by die hoof aansoek doen om hertoelating tot die skool. Hierdie versoek sal slegs toegestaan word indien bewys gelewer word dat alle huiswerk tot op datum voltooi is en dat die leerder opregte berou toon vir sy optrede en ‘n ware begeerte het om nie die swak gedrag van die verlede te herhaal nie.

KATEGORIE 4: AFHANDELING VAN ERNSTIGE OORTREDINGS, INSLUITEND OORTREDINGS RAKENDE DWELMS OF ANDER GEWOONTEVORMENDE MIDDELS, DRANKGEBRUIK, OORTREDINGS VAN SEKSUELE AARD OF OORTREDINGS VAN KRIMINELE AARD

(Die sosiale mediabeleid, dwelmbeleid, seksuele mishandeling en teistering protokol en eksamenreëls moet hierby ingelees word asof dit spesifiek deel vorm van die bepalings van die gedragskode).

1. GEDRAG WAARTEEN OPTREDE GEMIK IS:

1.1 ‘n leerder sal skuldig wees aan wangedrag indien hy of sy, opsetlik:

(a) die onderrig of leerproses in ‘n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;

(b) aan ‘n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwrig;

(c) die menswaardigheid van ‘n personeellid fisies of verbaal aantas of ‘n personeellid belaster;

(d) enige toets- of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om ‘n onregverdige voordeel in ‘n toets of eksamen te verkry;

(e) in ‘n toets of eksamen bedrieglik optree;

(f) op enige wyse onwelvoeglik in die openbaar optree;

(g) enige ander persoon seksueel lastig val of teister;

(h) enige seksuele dade op die skoolgrond pleeg;

(i) in besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei;

(j) op die skoolterrein of tydens enige skoolfunksie alkoholiese drank gebruik, onder die invloed van alkohol of ander gewoontevormende middels verkeer of in besit wees van alkohol of ander gewoontevormende middels;

(k) skuldig bevind word aan wangedrag soos bedoel in paragraaf 1.1 hierbo nadat hy of sy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is; of

(l) versuim om aan ‘n bestraffing of opskorting en korrektiewe maatreël te voldoen.

(m) opsetlik: -

(i) enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiële nadeel van die skool;

(ii) handel dryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal;

(iii) enige persoon omkoop of probeer omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen, om homself of haarself of ‘n ander persoon in staat te stel om ‘n onregverdige voordeel daardeur te verkry;

(iv) hom of haar aan bedrog skuldig maak;

(v) hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van ‘n ander persoon oneerlik optree;

(vi) in besit gevind word van enige onwettige middel, of dit gebruik of daarmee handel dryf;

(vii) in besit van enige gevaarlike wapen gevind word;

(viii) enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand;

(ix) enige persoon as gyselaar aanhou;

(x) enige persoon verkrag of molesteer; of

(xi) enige ander persoon se eiendom kwaadwillig beskadig; of

(xii) ontwrigting van ‘n eksamensessie.

2. INSTELLING VAN ‘N DISSIPLINÊRE KOMITEE

2.1 Indien dit beweer word dat ‘n leerder homself skuldig gemaak het aan wangedrag, soos in die voorafgaande paragraaf omskryf, moet die skoolhoof volledige besonderhede rakende die beweerde vergryp versamel. Indien die skoolhoof oortuig is dat daar met die eerste oogopslag (prima facie) genoegsame bewyse is om die bewering(s) teen die leerder(s) te staaf, en hy dit in die beste belang van die skool en sy gemeenskap ag om sodanige dissiplinêre stappe in te stel, neem hy die nodige stappe om ‘n dissiplinêre komitee te laat saamstel om die bewering(s) teen die leerder(s) te finaliseer.

Wanneer ’n leerder na bewering of vermoedelik ’n ernstige oortreding (soos vervat in kategorie vier van hierdie beleidsdokument) begaan het, kan die skoolhoof die saak self ondersoek of ’n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of ’n dissiplinêre verhoor nodig is. ’n Kategorie vier oortreding dui nie noodwenig aan dat ’n dissiplinêre verhoor plaas moet vind nie. Die ernstigheid van die oortreding, vorige en huidige aanmeldings en huidige detensies sal hierdie besluit beïnvloed. Die hoof kan die bestuur raadpleeg in hierdie verband, alvorens ’n besluit geneem word.

2.2 By ontvangs van die kennisgewing van die skoolhoof dat hy dissiplinêre stappe teen ‘n leerder ingestel het, moet die voorsitter van die Beheerliggaam van die skool ‘n dissiplinêre komitee aanwys om die bewering van ernstige wangedrag aan te hoor.

3 SAMESTELLING VAN DISSIPLINÊRE KOMITEE

3.1 Die dissiplinêre komitee wat deur die Beheerliggaam saamgestel word, moet uit twee persone bestaan:

(i) wat of lede van die Beheerliggaam is, óf wat kwalifiseer om as lede van die Beheerliggaam verkies te word;

(ii) die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet ‘n ouerlid of ‘n gemeenskapslid van die Beheerliggaam wees;

(iii) die oorblywende lid van die dissiplinêre komitee mag nie die skoolhoof of ‘n leerder van die skool wees nie; en

(iv) geen persoon mag op die dissiplinêre komitee aangestel word indien hy of sy enige persoonlike kennis dra van enige saak wat by die verhoor betwis word nie.

4 PROSEDURE VAN VERHOOR VIR ERNSTIGE WANGEDRAG DEUR DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE

4.1 Voorlopige ondersoek

Wanneer ’n leerder na bewering of vermoedelik ’n ernstige oortreding (soos vervat in kategorie vier van hierdie beleidsdokument) begaan het, kan die skoolhoof die saak self ondersoek of ’n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of ’n dissiplinêre verhoor nodig is.

4.2 Verhoor

4.2.1 Die ondersoekbeampte stel ’n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

4.2.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

4.2.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop. Indien die ouers daartoe instem kan korter kennis

van die verhoor egter gegee word. Die ouers moet skriftelik daartoe instem dat minder as vyf dae kennis gegee word van die verhoor.

4.2.4 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die onderwyshoof. Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

4.2.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldigde leerder bywoon nie.

4.2.6 Wanneer 'n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

4.2.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7) tot 8(9) van die *Skolewet* uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

4.2.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande

dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

4.2.9 Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

4.2.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees en moet aan die volgende riglyne voldoen:

a) Die leerder moet ingelig wees oor die aard van die aanklag en moet vyf dae skriftelike kennis ontvang van die verhoor asook van die tyd, datum en plek van die verhoor.

b) Die leerder moet die geleentheid kry om aangehoor te word en sy/haar kant van die gebeure en die relevante feite voor te lê.

c) Die leerder mag nie verhoed word om verteenwoordig te word deur 'n regspraktisyn nie, in welke geval 'n skriftelike uiteensetting van die aanklagte gegee moet word.

d) Die leerder mag, in minder ernstige gevalle, verteenwoordig word deur 'n lid van die VLR, 'n ouer, voog of onderwyser.

e) Die leerder het die reg om aangehoor te word deur 'n onpartydige persoon/e en om met waardigheid behandel te word tydens die proses.

f) Die leerder het die reg om skriftelik in kennis gestel te word van die beheerliggaam se besluit oor skuldigbevinding aan wangedrag al dan nie.

g) Die leerder het die reg om ingelig te word van sy/haar reg tot appèl na die LUR indien skorsing of suspendering aanbeveel word.

4.2.11 Die verhoor verloop as volg:

a) Die voorsittende beampte verwelkom alle partye en lig die onderskeie partye in van hul regte en hoe die dissiplinêre verhoor sal verloop.

b) Die skool se verteenwoordiger word geleentheid gegee om die skool se saak te stel.

c) Die leerder word geleentheid gegee om op die aanklagte te reageer.

d) Die skool se verteenwoordiger word geleentheid gegee om te reageer.

e) Geleentheid word aan die leerder se verteenwoordiger gegee om te reageer.

f) Die voorsittende beampte verneem van die leerder en/of sy/haar verteenwoordiger of daar enige versagtende omstandighede is wat in ag geneem behoort te word by vonnisoplegging indien die leerder skuldig bevind sou word.

g) Die voorsittende beampte dui aan dat die verhoor afgehandel is en lig die betrokke partye in dat hulle skriftelik in kennis gestel sal word van die beheerliggaam se besluit met betrekking tot skuldigbevinding al dan nie.

4.2.12 Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

4.2.13 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

4.2.14 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ’n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ’n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ’n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

4.2.15 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg ’n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ’n gepaste straf op te lê. Ten einde ’n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir ’n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

4.3 Uitspraak en strafmaatreël

4.3.1 In geval van ’n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogstens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

4.3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op ’n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

4.4 Dissiplinêre gids

4.4.1 Wanneer ‘n leerder gedaag word om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn, moet die Skoolhoof hom, op aanvraag, voorsien van ‘n afskrif van die gids vir dissiplinêre verhore (KZN dokument).

4.4.2 Die proses verloop in ooreenstemming met die voorgeskrewe riglyne soos vervat in die dokument genoem in 4.1.

5. Algemene bepalings

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam ’n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

5 OPSKORTING AS ‘N KORREKTIEWE MAATREËL NA SKULDIGBEVINDING AAN ERNSTIGE WANGEDRAG

5.1 Indien die Dissiplinêre Komitee besluit om aan ‘n leerder die straf van opskorting as ‘n korrektiewe maatreël op te lê, moet hy skriftelik:

(a) die leerder, sy of haar ouers en sy of haar verteenwoordiger asook die skoolhoof, van die tydperk van opskorting, wat hoogstens een week mag wees, in kennis stel; en

(b) die leerder en sy of haar ouers inlig van hul reg om by die Departementshoof te appelleer teen die besluit.

5.2 Die voorskrifte van die departementele dokument m.b.t. die hantering van dissiplinêre verhore moet streng nagekom word.

6 SKORSING VAN ‘N LEERDER

6.1 Indien die dissiplinêre komitee besluit dat die leerder uit die skool geskors moet word, moet hy:

(a) ‘n aanbeveling in hierdie verband aan die Departementshoof doen; en

(b) die leerder se bywoning van die skool opskort hangende die besluit van die Departementshoof.

6.2 ‘n Opskorting ingevolge die voorafgaande paragraaf tree onmiddellik in werking tensy die departementshoof tot die teendeel opdrag gee.

6.3 Waar die dissiplinêre komitee ‘n leerder se skoolbywoning opskort met die oog op skorsing deur die departementshoof, moet die dissiplinêre komitee:

(a) Die leerder, sy of haar ouers en sy of haar verteenwoordiger skriftelik in kennis stel:

(i) van die opskorting van die leerder se skoolbywoning;

(ii) van die rede vir die opskorting asook dat die saak na die Departementshoof verwys is met ‘n aanbeveling dat die leerder geskors moet word;

(iii) dat, tensy die Departementshoof tot die teendeel kennis gee, die opskorting onmiddellik in werking tree en sal voortduur totdat die Departementshoof se besluit bekend gemaak is;

(iv) dat hulle die reg het om binne vyf dae skriftelik voorleggings aan die Departementshoof te maak betreffende die bevindings van die Dissiplinêre Komitee:

(b) Aan die skoolhoof opdrag gee om ‘n verslag ten opsigte van die leerder aan die Departementshoof voor te lê.

AFDELING TWEE:
SKOOLREËLS EN ORDEREËLS (Bl.25-32)

Die volgende Skoolreëls en Ordereëls is van toepassing op alle leerders van Gelofte Skool. Hierdie reëls word in aanvang van elke jaar met leerders bespreek en word daar pertinent opdrag aan leerders gegee om hulle daarvan te vergewis.

1. OPVOEDKUNDIG

1.1 Van leerders word verwag om die nodige respek teenoor personeel en ander volwassenes te toon, wat uiting vind in die manier waarop hulle aangespreek word en daar met hulle kommunikeer word.

1.2 Die hooffunksie van die skool is die voorsiening van onderrig aan leerders, daarom moet leerders pligsgetrou hul skoolwerk verrig, skool bywoon en deelneem aan die skoolprogram, kurrikulêr en buitekurrikulêr.

1.3 Leerders moet elke dag hul beste lewer deur getrou alle werk te voltooi. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om agterstallige werk a.g.v. afwesigheid in te haal en op die tweede dag nadat hy/sy by die skool terug is, aan die onderwyser te toon, tensy ander reëlings met die onderwyser getref is.

1.4 Leerders moet hulleself daadwerklik beywer vir die instandhouding en uitbouing van ‘n kultuur van onderrig en leer in die skool omdat dit die kern vorm van die skoolprogram en ‘n noodsaaklike uitvloeisel is vir die uitleef van die skool se visie en missie.

1.5 Dit is die leerder se verantwoordelikheid dat alle toets- en eksamenantwoordstelle deur die ouers onderteken word. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om te kontroleer en op te volg.

1.6 Afwesigheid tydens kontroletoetse en eksamens moet met ‘n skrywe van die ouer bevestig word, tensy die ouer persoonlik met die skoolhoof of graadvoog gereël het.

1.7 Die enigste elektroniese toestel wat wel toegelaat sal word is ’n Kindle (lees apparaat). Dit is ’n toestel wat net gebruik word vir lees van leesboeke en mag dus

net lees materiaal bevat wat ouderdomsgepas is en binne die raamwerk van die gedragskode val. Dit mag geen toegang tot die internet hê nie. Hierdie apparaat mag net gebruik word vir lees en geen ander doel nie. Alle leesboeke moet vooraf afgelaai wees op die toestel. Dit mag nie tydens lesperiodes uitgehaal word nie, maar slegs wanneer 'n personeellid toestemming gee of wanneer die leerders af is, soos tydens pouses en af periodes. Leerders bring toestel op eie risiko skool toe.

2. SKOOL- EN PERSOONLIKE EIENDOM

2.1 Benewens moontlike dissiplinêre optrede, mag 'n leerder wat skooleiendom beskadig ook verantwoordelik gehou word vir die vervanging of herstel van daardie beskadigde eiendom.

2.2 Handboeke is skooleiendom en moet dus volgens die skool se voorskrifte oorgetrek en versorg word.

2.3 Die enigste toelaatbare skooltasse is die voorgeskrewe skooltas met die skoolwapen daarop aangebring. Jou naam word slegs op die naamstrokie geskryf. Tasse mag nie bekrap of beplak word nie. Indien nie aan die vereistes voldoen word nie, kan handboeke ingeneem word tot aan voorskrifte voldoen word.

2.4 Vertrekkende leerders sal slegs 'n oorplasingskaart kry nadat skooleiendom ingelewer en alle ander verpligtinge nagekom is.

2.5 Leerders is te alle tye verantwoordelik daarvoor om hulle eie besittings en geld op te pas. Klere en ander eiendom moet duidelik gemerk wees. Die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir eiendom wat verlore geraak het of gesteel word nie.

2.6 Skooltasse op trollies word slegs toegelaat indien daar skriftelik aansoek gedoen is by die hoof. Goedkeuring is onderhewig aan die feit dat daar 'n bestaande mediese toestand moet wees en dat die leerder die trollie saam met die tas by trappe moet kan op- en afdra. 'n Doktersbrief moet by die aansoek aangeheg word. Slegs voorgeskrewe tasse mag gebruik word en trollies moet veilig gemaak wees sodat ander leerders nie beserings kan opdoen nie.

3. ALGEMENE GEDRAGSREËLS

3.1 Alle leerders moet die skoolreëls en orde-reëls nakom en moet die gesag van onderwysers en ander persone wat in gesagsposisies aangestel is, insluitend die VLR, leerderraad en klasleiers respekteer.

3.2 Leerders moet die skoolreëls en orde-reëls gehoorsaam terwyl hulle op pad skool toe of huis toe is, asook tydens alle aktiwiteite waartydens hulle die skool verteenwoordig, hetsy by hul eie skool of by ander instansies, tydens uitstappies of skooltoere.

3.3 Die besit of gebruik van tabak, sigarette, vape (e-sigarette) op die skoolterrein of in skoolklere in die openbaar, is nie toelaatbaar nie. Alle verbode items sal gekonfiskeer word en sal nie aan die leerder terug gegee word nie.

3.4 Die gebruik van selfone, tablet, MP3 spelers en I-Pods word nie voor skool of gedurende skooltyd op die skoolterrein toegelaat nie. Sodra ’n leerder by die skool opdaag, asook vir die duur van die skooldag, moet die selfoon afgeskakel en gebêre wees. Indien ‘n selfoon, tablet, MP3 speler en I-Pod gebruik word of indien ’n selfoon aangeskakel gevind word, sal dit gekonfiskeer word, 100 detensiepunte ontvang en aan die leerder terugbesorg word na betaling van ‘n boete van R50-00. Indien ‘n leerder enige van hierdie toestelle gedurende enige formele assessering, toets of eksamen gebruik sal dit beskou word as ‘n ernstige wangedrag. Leerders word aangemoedig dat toestelle ten alle tye weg gebêre moet wees. Dit sal enige misverstande uit die pad ruim.

3.5 Taalgebruik moet suiwer gehou word. Daar sal ingevolge hierdie Kode opgetree word teen leerders wat hulle skuldig maak aan die gebruik van kru, beledigende, skel- of onaanvaarbare taal.

3.6 Spoeg is onaanvaarbaar en word onder geen omstandighede toegelaat nie.

3.7 Die skoolgemeenskap plaas ‘n hoë premie op voorbeeldige gedrag van die ontluikende jeug en daarom is buitensporige manifestering van wedersydse toegeneentheid, omhelsings en soenery in skooldrag, onaanvaarbaar. Hierdie reëling is geldig tydens normale skoolure, maar ook tydens alle skoolfunksies en in die openbaar in skoolklere.

3.8 Slegs "wieletjie” Tippex mag gebruik word in vakke waar die gebruik van Tippex toegelaat word.

3.9 Rassisme word in ‘n baie ernstige lig beskou. Daar sal dus baie sterk opgetree word

teen leerders wat hulself hieraan skuldig maak. (Vlak 4 oortreding)

4 ORDEREËLINGS: OPTREDE OP DIE SKOOLTERREIN

4.1 Dit is die verantwoordelikheid van elke leerder om die skoolterrein en fasiliteite van die skool so te benut dat dit ongeskonde deur toekomstige geslagte benut kan word.

4.2 Geen leerder mag gedurende pouses, voor of na skool, sonder toestemming/toesig in klaskamers, kantore, die personeelkamer of die skoolsaal verkeer nie.

4.3 Klipgooiery, natgooiery, rowwe speletjies en bakleiery word verbied.

4.4 Rook (tabak, sigarette, vape (e-sigarette)), alkoholiese drank, gewoontevormende middels en onaanvaarbare seksuele gedrag word op geen tydstip op die skoolterrein toegelaat nie. Geen vorm van sigaretaanstekers word op die terrein toegelaat nie. Leerders wat in die teenwoordigheid is van leerders wat by genoemde aktiwiteite betrokke is, sal geag word asof hulle betrokke is daarby.

4.5 Dit is elke leerder se medeverantwoordelikheid om toe te sien dat geen rommel op die skoolterrein en in die skoolgebou gestrooi sal word nie.

4.6 Alle leerders moet teen 07:25 reeds op die skoolterrein wees en moet dan na die aantreeblad beweeg (Slegs Maandae en Vrydae aantree). Op Dinsdae, Woensdae en Donderdae beweeg leerders direk na hul voogklasse. Geen leerder ontvang ander leerders by die hekke of kuier in die parkeerarea nie of verlaat die skoolterrein nadat hy/sy in die oggend by die skool gearriveer het nie. Leerders kom die skoolterrein/gebou binne deur die voorgeskrewe ingange naamlik:

Graad 12: Ingang langs die saal
Alle ander leerders: Ingang naaste aan die afrit

Sekondêre leerders se tasse moet by hulle gehou word. Primêre leerders se tasse word by die voogklasse gelaat. Die geboue en stoepe is voor skool (tussen 6:40 – 7:30) verbode terrein.

Leerders moet in volle skooldrag by die skool arriveer.

Met die lui van die eerste klok beweeg leerders flink na hul registerklasse of na die aantreeblad. Na afloop van die opening verlaat die leerders die vierkant stil en ordelik en gaan langs die volgende roetes na hul registerklasse:

Primêr:	Links om uit by Lewenswetenskappe klas verby
Sekondêr:	Langs Ingenieursgrafika klas verby

4.7 Klaswisseling moet flink en ordelik geskied en moet binne die bestek van 5 minute plaasvind. As gevolg van die breedte van die stoepe moet leerders agtermekaar stap en nie langs mekaar nie. Leerders word nie toegelaat om die kleedkamers te besoek of te eet tydens klaswisseling nie. Daar word van leerders verwag om netjies by die klas aan te tree totdat die betrokke personeellid hulle laat binnegaan. Om verkeersopeenhopings te voorkom mag personeel leerders dadelik in die klas laat inbeweeg.

4.8 Primêre leerders se tasse moet tydens pouses in die klaslokale toegesluit word waar die primêre leerder klas het na pouse. Sekondêre leerders moet hulle tasse by hulle hou.

4.9 Die volgende sake is onaanvaarbare gedrag:

* Rommelstrooi;
* Gevaarlike speelgoed en voorwerpe;
* Speel in bome en in die beddings;
* Ry van fietse, skaatsplanke, rolskaatse, ens. tydens pouses en by alle skoolfunksies;
* Leerders wat ander boelie;(SIEN BOELIE/AFKNOU BELEID)
* Gebruik van selfone, luidsprekers, MP3-spelers, tablette en I-Pods voor skool en tydens skoolure is verbode; (Selfone moet altyd af en weg gebêre wees);
* Hardloop op stoepe en trappe.

4.10 Die volgende is verbode areas:

* Arbeiderkwartiere;
* Krieketnette;
* Tennisbane;
* Voorportaal (Behalwe in opdrag van personeel);
* Saal, klasse en stoepe tydens pouses;
* Teerparkeerblaaie;
* Fiets- en motorfietsloodse;
* Enige gebied afgebaken vir ‘n spesifieke graad/fase of afdeling
* Personeelkamer en kuier-kaia – Geen vergaderings word hier met leerders

gereël nie;

* Busloods en terreinbestuurder se stoor; en
* Kleedkamers in die portaal

GEEN leerder, met die uitsondering van leerders wat personeel behulpsaam is, mag die voorportaal as ‘n deurgangsroete gebruik nie.

4.11 Leerders dra ook na skoolure ‘n beeld uit van die skool en daarom word daar van leerders verwag om die skool te verlaat in volle skooldrag of voorgeskrewe sportdrag. Geen ryloop word toegelaat nie. Leerders word opgelaai op die rand van die teerblad.

4.12 Geen besoekers word op die skoolterrein toegelaat sonder die toestemming van die hoof of die adjunkhoof nie. Besoekers word met ‘n besoekerskaartjie uitgereik. GEEN besoekers word tydens periodetye in die klasse toegelaat nie.

4.13 Geen leerder mag met ‘n motor of motorfiets op die terrein ry sonder dat toestemming vooraf verkry is nie. Leerders moet geldige bestuurslisensies hê vir die betrokke vervoermiddel en mag slegs op die afgebakende gebied parkeer. Geen leerder word tydens skoolure by voertuie toegelaat nie.

4.14 ‘n Hoë premie word geplaas op die volgende waardes: goeie maniere, respek, medemenslikheid, samewerking, gehoorsaamheid, netheid, sindelikheid, verdraagsaamheid, behulpsaamheid en lojaliteit.

4.15 Die volgende is totaal verbode: kougom, slange, reptiele, troeteldiere, gebruik van selfone voor skool en tydens skoolure, CD spelers/I-Pods/MP3-spelers/tablette en laserliggies.

4.16 Die leerderraad vorm deel van die span wat verantwoordelikheid aanvaar vir die handhawing van dissipline op die skoolterrein en daarbuite. Alle wettige opdragte van die leerderraad moet dus gehoorsaam word.

4.17 Alle skoolreëls is van toepassing buite die skoolterrein indien ‘n leerder in die skool se skool- en/of sportdrag geklee is.

4.18 Daar mag onder geen omstandighede op stoepe gehardloop word nie.

5 AFWESIGHEID

5.1 Die skoolterrein mag slegs verlaat word op versoek van die ouer(s). Leerders moet eers by die hoof/adjunkhoof aanmeld en dan moet die ouer die leerder by die

administratiewe kantoor uitteken. Leerders moet deur die ouers persoonlik afgehaal word, tensy magtiging deur die ouer verleen is dat iemand anders dit mag doen.

5.2 Mediese afsprake moet sovêr moontlik na skoolure gereël word, behalwe in noodgevalle.

5.3 Ouers moet die skool (graadvoog) skriftelik in kennis stel van die rede vir afwesigheid voor of op die eerste dag wat die leerder by die skool terug is.

5.4 Afwesigheid tydens kontroletoetse en eksamens moet met ‘n skrywe van die ouer bevestig word, tensy die ouer persoonlik met die skoolhoof of graadvoog gereël het.

5.5 Dit is te alle tye leerders se eie verantwoordelikheid om die eerste lesperiode nadat hy/sy terug is by die skool, met die vakonderwyser te bevestig dat die uitstaande toets tydens die eerste akademiese middag of detensie wat volg op die afwesigheid die toets te skryf. Mediese sertifikate word nie vereis vir afwesigheid tydens toetse nie.

5.6 Skool- en periodetye moet stip nagekom word.

5.7 Leerders wat nie die oggend in die skool is nie, mag nie op dieselfde dag aan sportoefening of ander buitemuurse aktiwiteite deelneem nie tensy in uitsondelike gevalle, 'n brief van die ouer ontvang word wat die rede vir die afwesigheid aantoon.

5.8 Leerders wat laat kom, moet inteken by die voorste kantoor.

5.9 Leerlinglisensie en bestuurslisensie afsprake mag nie gereël word vir dae waarop kontroletoetse en/of eksamenvraestelle geskryf word nie.

5.10 Leerders wat voor 10:00 uitgeteken word, vir watter rede ook al, sal vir die dag afwesig gemerk word. Hierdie leerders sal nie in aanmerking kan kom vir ’n 100%-skoolbesoek sertifikaat nie.

5.11 Leerders wat vir meer as 10 dae laat opdaag vir skool, vir watter rede ook al, dit wil sê nie teen 7:30 in die klas is nie, sal ook nie ’n 100%-skoolbesoek sertifikaat ontvang nie. (’n Kombinasie van 5.10 en 5.11 kan ook verhoed dat ’n leerders 100%-skoolbesoek sertifikaat ontvang.)

6 POPI ACT MET BETREKKING TOT LEERDERS IN DIE GEDRAGSKODE

6.1 Leerders mag onder geen omstandighede foto’s of video's van ander leerders neem sonder hulle toestemming nie.

6.2 Leerders mag ook onder geen omstandighede foto’s of video's van ander leerders

op sosiale mediagroepe plaas of aanstuur nie.

6.3 Leerders wat foto’s of video's neem, kan strafregtelik deur die betrokke leerder aangekla word asook gedagvaar word.

6.4 Leerders wat die foto’s of video's neem of aanstuur met die doel om leerders af te knou, te beledig, te intimideer of te verkleineer, sal binne die raamwerk van die Gedragskode gedissiplineer word.

6.5 Indien die identiteit van die skool deur hierdie aksie van 'n leerder benadeel word, sal die Gedragskode toegepas word.

AFDELING DRIE: NETHEIDSREËLS, SKOOL- EN SPORTDRAG (Bl.32-51)

Die volgende netheidsreëls is van toepassing op alle leerders van Gelofte Skool. By Gelofte glo ons dat leerders se netheid en voorkoms ’n belangrike rol speel met die uitbeeld van die skool se waardes en trots. Leerders wat nie aan die netheidsreëls voldoen nie, sal huis toe gestuur word.

1. ALGEMENE BEGINSELS

1.1 Netheid is ‘n deurlopende aksie. Leerders moet dus te alle tye aan die vereistes voldoen en nie net op die dag van netheidskontrole nie. Hierdie reëling geld ook vir skooltasse.

1.2 Kleredrag moet te alle tye voldoen aan die neergelegde vereistes soos uiteengesit in hierdie netheidsreëls.

1.3 Seuns en dogters moet op die dag wat die skool begin reeds aan die vereistes voldoen sodat dit nie nodig is om hulle eers aan te spreek nie.

1.4 Netheidsreëls geld tot die laaste skooldag van elke kwartaal, ook aan die einde van die jaar. Leerders wat gedurende die eksamen nie aan die netheidsvereistes voldoen nie, sal nie toegelaat word om die volgende vraestel te skryf voordat die probleem eers reggestel is of die ouer ‘n bevredigende reëling met die hoof of sy gevolmagtigde getref het nie.

1.5 Reëls ten opsigte van netheid asook skooldrag geld in dieselfde mate vir alle leerders. Uitsonderings is dus onbillik teenoor die res van die leerders wat hulle kant bring.

1.6 Geen hangertjies, kettinkies, armbande, seëlringe, tongringe of soortgelyke versierings word as deel van enige skooldrag toegelaat nie. (uitgesonder mediese armbande) Ongemagtigde items sal gekonfiskeer word en kan aan die einde van die kwartaal/jaar, na gelang van omstandighede, teruggeëis word.

1.7 Probleme rakende netheid moet aangeteken word. Na die tweede of herhaalde versuim om by die reëls te hou, word die ouer in kennis gestel dat die leerder nie weer tot die skool toegelaat sal word voordat die gemelde probleem reggestel of bevredigend onderhandel is nie. Leerders wat nie aan die netheidsreëls voldoen nie verwerf demerietes op die aanmeldingstelsel.

1.8 Leerders woon sportgeleenthede by in skooldrag. Graad 1-3 leerders kan siviele drag dra na sportgeleenthede indien hulle nie deelnemers is nie. Amptelike skoolfunksies wat na-ure plaasvind, word bygewoon in volle skooldrag. Die gewone skoolreëls geld by alle na-uurse aktiwiteite. In gevalle waar siviele drag wel toegelaat word, moet dit te alle tye netjies en smaakvol wees.

1.9 Skoolbaadjies mag onder geen omstandighede saam met oefendrag of sivieledrag gedra word nie.

1.10 Tydens formele aangeleenthede vir graad 4-12, insluitend redenaars, kooroptredes, merietefunksies en fotodae, moet leerders in graad 4-7 skoolskoene en skoolkouse dra saam met skooldrag en graad 8-12 leerders moet wintersdrag dra.

2. NETHEIDSREëLS VIR SEUNS

2.1 Hare mag nie gebleik word nie. Die natuurlike haarkleur mag nie d.m.v. ‘n kleurproses verander word nie. Indien ‘n leerder hieraan skuldig is, verloor die leerder 200 of 100 punte op die aanmeldingstelsel afhangend van die graad van oortreding.

2.2 Hare mag nie oor die ore hang nie en die kuif mag tot by die bopunt van die wenkbroue hang. Die kuif mag nie regop gekam word nie en die sg. “Mohawk look” is nie aanvaarbaar nie.

2.3 Hare moet aan die agterkant op die natuurlike haarlyn netjies gehou word.

2.4 Haarjel word nie toegelaat nie. Die sogenaamde “wet look” is dus onaanvaarbaar.

2.5 Naels moet skoon, kort en netjies versorg wees.

2.6 Op die wangbeen mag die hare nie laer as die middel van die oor wees nie.

2.7 Seuns word nie toegelaat om hare te ”perm” (permanente krulle) in te sit nie. Natuurlike gekrulde hare is toelaatbaar. Hare bo en langs die kant van ’n kop moet netjies, kort en in verhouding met mekaar wees.

2.8 Seuns word nie toegelaat om hulle hare te vleg of om vlegsels in te sit nie.

2.9 Hare in die nek en aan die kant van die kop moet egalig opgesny en nie dikker as een vingerbreedte op die laagste punt wees nie.

2.10 Hare langs, agter en aan die bokant van die kop moet in verhouding met mekaar gesny wees. “Steps en comb-overs” word nie toegelaat nie. Geen lyn mag sigbaar wees tussen lang en kort hare nie. Hare moet egalig en in verhouding van kort (onder) na lank (bo) gesny wees. Lang hare mag ook nie bo-op of weg gekam word van kort hare af nie. Ons verwys weer hier na ‘n comb-over.

2.11 Leerders wat na skoolvakansies nie aan die haarreëls voldoen nie verbeur punte op die demerietestelsel.

2.12 Slegs swart toeryg skoolskoene met leerbostukke mag gedra word. Geen skoene met gespes, uitermate dik hakke of sole, stewels of seilskoene word toegelaat nie.

2.13 Die gesig moet te alle tye glad geskeer wees. Indien nie reg nie, word die leerder, teen 'n koste van R10-00, voorsien van ’n skeermes om te skeer en word aangemeld vir oortreding van die netheidsreëls.

2.14 Geen juwele is toelaatbaar saam met skooldrag nie. Geen hangertjie of armband mag gedra word as dit sigbaar is nie. Dit geld ook vir ringe, oorbelle en neusringe. Geen ander pennetjies mag ook sigbaar wees in ander gaatjies nie. Hangertjies is slegs toelaatbaar as dit vir mediese- of gesondheidsredes gedra word. Let wel dat dit nie sigbaar mag wees nie. ‘n Mediese brief moet ingehandig word om toestemming hiervoor te verkry.

2.15 “Sivvie” dae

* Juweliersware word toegelaat met die uitsondering van oorbelle en ander liggaamsringe.
* Haarjel is toelaatbaar.

* Frokkies mag nie uitsluitlik gedra word nie.

* Kleredrag moet van goeie smaak getuig.

* Geen mussies/beanie's/hoede nie.

* Slegs een skeur per been in denims is aanvaarbaar. 2 vingerbreedte. Die skeur mag nie hoër as die middel van die bo-been voorkom nie.

* Broeke mag nie laag op die heupe gedra word nie en geen noupassende klere is toelaatbaar nie.

* Kortbroeke mag gedra word mits dit 'n maksimum van 25cm bokant die knie hang. Oordeel sal oorgelaat word aan die manspersoneel. Geen kort kortbroeke en noupassende broeke word toegelaat nie.

* Seuns mag 'n oefenbroeke (rugbybroek) op sivvies dae dra. Dit mag nie te kort of noupassend sit nie.

Let wel: Die "lengte bokant die knieg" word bepaal wanneer 'n leerder op hul knieë op die grond staan en gemeet vanaf die oppervlakte van die grond tot min om meer in die helfte van die bobeen.

2.16 Die skool langbroek se onderste soom moet net op die skoolskoen rus. Die broek se soom mag dus nie uitgehaal of gesny word om die broek wyer te maak of uitermate lank te maak nie. Langbroeke se broekspype mag nie nouer gemaak word nie.

2.17 Broeke mag nie laag op die heupe gedra word nie en geen noupassende klere is toelaatbaar nie.

2.18 Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees tydens skool aangeleenthede, sivvie dae, skoolaktiwiteite of wanneer skoolklere gedra word nie.

Leerders, wie se kleredrag op sivvie dae nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, se ouers sal onverwyld geskakel word om hulle by die skool te kom haal.

3. NETHEIDSREëLS VIR DOGTERS

3.1 Naels moet netjies en skoon gehou word en moet kort wees. Slegs kleurlose naellak of naeljel word toegelaat.

3.2 Slegs silwer of goue knoppies, kleurlose steentjies of wit pêrels (Vierkantig – 3mm deursnee en rond – 5mm deursnee) word in die ore toegelaat.

3.3 Ringetjies in die ore moet glad en rond wees, maksimum deursnit van 15 mm. (Nuwe tiensentstuk)

3.4 Slegs een oorbel per oor, en in enige van die twee gaatjies in die oorlel. Geen oorbelle/ringe word in enige ander deel van die liggaam toegelaat nie. Hangertjies is slegs toelaatbaar as dit vir mediese- of gesondheidsredes gedra word. Let wel dat dit nie sigbaar mag wees nie. ‘n Mediese brief moet ingehandig word om toestemming hiervoor te verkry. Geen ander pennetjies mag ook sigbaar wees in ander gaatjies nie.

3.5 Geen haarjel word toegelaat nie.

3.6 Geen grimering, insluitende onderlaag, maskara of lipglans, mag gedra word nie. Die leerder sal na die leerderraadvoog verwys word wat haar sal voorsien van grimeerverwyderaar. Die aanbring van permanente ooggrimering word streng verbied.

3.7 Hare mag nie gebleik word nie. Die natuurlike haarkleur mag nie d.m.v. ‘n kleurproses verander word nie. Indien ‘n leerder hieraan skuldig is, verloor die leerder 200 of 100 punte op die aanmeldingstelsel.

3.8 Oogwimpers/wenkbroue mag nie gekleur of verleng word nie.

3.9 Lang hare of hare wat aan die onderkant van die kraag raak, moet stewig vasgemaak wees.

3.10 Kuiwe wat oor die wenkbroue hang, moet stewig vasgemaak wees.

3.11 Hare langs, agter en aan die bokant van die kop moet in verhouding met mekaar gesny wees. Alhoewel dogters langer hare mag hê, word “steps en comb-overs” nie toegelaat nie. Geen lyn mag sigbaar wees tussen lang en kort hare nie. (Dit geld ook vir hare wat weg gebind word vanaf korter geskeerde hare. Dit is ontoelaatbaar)

3.12 Geen haarstertjies en los haartoutjies word toegelaat nie. Hare moet netjies gekam en vasgeknip wees waar nodig. Hare mag nie in ’n groot bolla bo-op die kop vasgemaak word nie, maar teen die agter-kop.

3.13 Buitengewone dik of uitermatige lang haarverlengings is verbode.

3.14 Slegs swart, groen, bruin, geel of wit linte en strikkies word toegelaat. **(Die strik se grootte mag nie groter as 15cm wees, links na regs en bo na onder.)** Swart, groen, wit, geel_of bruin haarknippies asook “Banana Clips”, haarbande en “Alice

bands" word toegelaat. Slegs effekleur (in die skoolkleure) linte, strikkies, haarknippies, "banana clips", haarbande en "alice bands" word toegelaat. Geen blomme of ander versierings word op hierdie haarknippies, "banana clips" en "alice bands" toegelaat nie. Haarbande moet soos 'n "Alice band" gedra word en nie op die voorkop nie.

3.15 Slegs swart skoolskoene met 'n bandjie oor die voet vasgemaak word of leerbostukke wat toeryg (geen gespes), word toegelaat. Geen skoene met uitermate dik sole of hakke, stewels of seilskoene mag gedra word nie.

3.16 Rompe mag nie meer as 10cm bokant die grond hang wanneer die leerder in 'n knielende posisie op die grond staan nie.

3.17 "Sivvie" dae

* Ligte grimering mag gedra word. Primêre leerders mag nie grimering aanhê nie.
* Hare mag los gedra word en gejel word.
* Juweliersware mag gedra word. (Twee oorbelle mag in die oorlel gedra word en geen ander liggaamsringe)
* Klere moet sodanig wees dat onderklere nie uitsteek nie.
* Veterbandjies is nie toelaatbaar nie.
* Mae mag nie ontbloot wees nie.
* Ontblotende halslyne en noupassende klere is nie toelaatbaar nie.
* Romplengte moet soortgelyk wees as die skoolromp se lengte.
* Kortbroeke (Shorts) mag gedra word mits dit 'n maksimum van 25cm bokant die knie hang. (Grade 1-3 word vrygestel van hierdie reël). Oordeel sal oorgelaat word aan die damesbestuur. Geen kort kortbroeke en noupassende broeke word toegelaat nie.
* Geen mussies/beenies/hoede nie.
* Slegs een skeur per been in denims is aanvaarbaar. 2 vingerbreedte. Die skeur mag nie hoër as die middel van die bo-been voorkom nie.
* "Leggings" word slegs met 'n bostuk gedra waarvan die lengte nie korter as 25cm bokant die knie mag hang nie. Die leerder se sitvlak moet bedek wees.
* Langbroeke en denims wat styf sit mag gedra word. Broeke wat van 'n dun materiaal gemaak is, moet met 'n bostuk gedra waarvan die lengte nie korter as 25cm bokant die knie mag hang nie. Die leerder se sitvlak moet bedek wees.

Let wel: Die "lengte bokant die knieg" word bepaal wanneer 'n leerder op hul knieë op die grond staan en gemeet vanaf die oppervlakte van die grond tot min om meer in die helfte van die bobeen.

3.18 Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees tydens skool aangeleenthede, sivvie dae, skoolaktiwiteite of wanneer skoolklere gedra word nie.
Leerders, waarvan die kleredrag op sivvie dae nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, se ouers sal onverwyld geskakel word om hulle by die skool te kom haal.

4. NETHEIDSKONTROLE

4.1 Netheidskontrole word onaangekondig hanteer deur personeel daarvoor aangewys en in ooreenstemming met die voorskrifte neergelê in hierdie Kode. Die skool behou hom die reg voor om te enige tyd wat dit nodig geag word, netheidskontrole te doen of individuele leerders oor netheid aan te spreek ten einde eenvormige standaarde te verseker. Oortreding word op die aanmeldingstelsel aangeteken.

5. SKOOL- EN SPORTDRAG

A: SKOOLDRAG

Leerders word nie beperk deur wanneer somer- of wintersdrag gedra moet word nie. Dit geld vir primêre en sekondêre leerders. Leerders mag nie met hulle hande in hulle sakke loop nie.

PRIMêR

1. <u>Graad 1-7 dogters</u>

a) Groen en wit geruite rok met donkergroen kraag, sak en omboorsel om moue. Die skoolwapen word op die sak aangebring. Alle dogters moet die bottelgroen ski-broek, wat beskikbaar is by die klerewinkel, onder hul rokke dra.

b) Wit kort sokkies/swart sykouse. Geen sykouse met gate mag gedra word nie.

c) Swart skoolskoene (Opsioneel)

d) Swart sykouse (44 of 60 decitex)

e) Alle leerders kan kaalvoet skool toe kom of met sporttekkies indien hulle ‘n sweetpak aanhet. Indien leerders formele skoolfunksies bywoon, bv. koorlede, moet swart skoolskoene egter gedra word.

f) Bottelgroen trui of oortrektrui. ’n Trui mag onder ’n sweetpakbaadjie gedra word, maar nie alleen saam met ’n sweetpakbroek nie.

g) Skoolsweetpak met wit knopies skoolhemp met sakwapen of ’n Gelofte groen kraag gholfhemp en sporttekkies.

h) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

i) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het.

2. <u>Graad 1-7 seuns</u>

a) Grys kortbroek

b) Wit kortmou hemp met sakwapen

c) Grys kniekouse (Lang skoolkouse)

d) Swart skoolskoene (Opsioneel)

e) Alle leerders kan kaalvoet skool toe kom of met sporttekkies indien hulle ‘n sweetpak aanhet. Indien leerders formele skoolfunksies bywoon, bv. koorlede, moet swart skoolskoene egter gedra word.

f) Bottelgroen trui of oortrektrui. ’n Trui mag onder ’n sweetpakbaadjie gedra word, maar nie alleen saam met ’n sweetpakbroek nie.

g) Skoolsweetpak met wit knopies skoolhemp met sakwapen of ’n Gelofte groen kraag gholfhemp en sporttekkies.

h) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die

opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

i) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het.

SEKONDêR

Die skooldas, matriekdas of top-3 akademiese das, mag in die somer of winter saam met ’n dashemp gedra word. Leerders mag nie met hulle hande in hulle sakke loop nie.

Matriekbaadjies: Dit mag op Vrydae en by sekere sportgeleenthede aangetrek word.

3. <u>Graad 8-12 dogters</u>

SOMERSDRAG

a) Bottelgroen plooilose romp

b) Wit kortmou hemp met groen omboorsel en sakwapen. Die hemp mag nie aan die onderkant uitsteek indien ‘n trui gedra word nie.

c) Wit kort sokkies

d) Swart skoolskoene

e) Bottelgroen kleurbaadjie met sakwapen

f) Bottelgroen skooltrui sonder embleme - die trui se mou mag nie gate in hê nie.

g) Bottelgroen oortrektrui (Slegs by skool beskikbaar)

h) Leerders wat aan drie of meer wedstryde deelgeneem het vir ‘n sekondêre eerstespan mag die voorgeskrewe serp op ‘n daaglikse basis dra. Die afrigter mag na eie oordeel besluit om nie die serp toe te ken nie. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

i) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die

landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

j) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het.

k) Slegs vleeskleurige- of wit onderklere mag gedra word onder die skoolhemp.

l) Leerders mag die voorgeskrewe bottelgroen serp dra. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

OF WINTERSDRAG

a) Bottelgroen plooilose romp

b) Langbroeke vir dogters is slegs by die Loffie Klerekas beskikbaar. Die materiaal is "stretch" met ń spesifieke snit soos “slacks”, zip aan die sy en naat by die broekspype wat deel van die patroon vorm – sonder ’n belt. Gryskouse moet saam met ’n langbroek gedra word.

c) Die skool langbroek se onderste soom moet net op die skoolskoen rus. Die broek se soom mag dus nie uitgehaal of gesny word om die broek wyer of nouer te maak of uitermate lank te maak nie.

d) Broeke mag nie laag op die heupe gedra word nie en geen noupassende klere is toelaatbaar nie. Geen belt word gedra nie.

e) Wit langmou hemp of wit kortmou dashemp.

f) Bottelgroen skooldas/matriekdas/top-3 akademiese das

g) Swart sykouse (44 of 60 decitex)

h) Swart skoolskoene

i) Bottelgroen kleurbaadjie met sakwapen

j) Bottelgroen skooltrui sonder embleme - die trui se mou mag nie gate in hê nie.

k) Bottelgroen oortrektrui (Slegs by skool beskikbaar)

l) Leerders wat aan drie of meer wedstryde deelgeneem het, of Landsdiens Nasionale kamp bygewoon het, vir ‘n sekondêre eerstespan mag die voorgeskrewe serp op ‘n daaglikse basis dra. Die

afrigter mag na eie oordeel besluit om nie die serp toe te ken nie. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie

m) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

n) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het.

o) Leerders mag die voorgeskrewe bottelgroen serp dra. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

p) Graad 12 dogters het ’n keuse om die volgende aan te trek:

Skoene: Swart hofskoene met ‘n hak van 2,0cm – 4,0cm. Daar moet nie tierlantyntjies soos gespes, blommetjies, bandjies of strikke op wees nie. Geen blinkleer skoene nie.

Sykouse : Sykouse: “Blackmail” (nie die blink soort – non shining). Stukkende kouse mag nie gedra word nie.

Omdat hofskoene formeel van aard is, mag dit sleg saam met die voorgeskrewe rok of langbroek, sykouse (saam met die rok) en die wit langmou hemp of wit kortmou dashemp met ’n das, gedra word.

4. <u>Graad 8-12 seuns</u>
SOMERSDRAG

a) Grys flannel lang- of kortbroek met swart gordel. Die gordelgespe mag nie uitspattig wees nie en broeke moet gordellussies hê.

b) Wit kortmou hemp met sakwapen of wit langmou hemp met das. (moue afgerol)

c) Bottelgroen skooldas/matriekdas saam met langmouhemp of kortmouhemp.

d) Swart skoolskoene

e) Lang grys skoolkouse saam met kortbroek.

f) Bottelgroen kleurbaadjie met sakwapen

g) Bottelgroen skooltrui sonder embleme of oortrektrui - die trui se mou mag nie gate in hê nie.

h) Leerders wat aan drie of meer wedstryde deelgeneem het, of Landsdiens Nasionale kamp bygewoon het, vir ‘n sekondêre eerstespan mag die voorgeskrewe serp op ‘n daaglikse basis dra. Die afrigter mag na eie oordeel besluit om nie die serp toe te ken nie. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

i) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

j) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het. .

k) Leerders mag die voorgeskrewe bottelgroen serp dra. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

OF WINTERSDRAG

a) Grys flannel langbroek met swart belt

b) Wit kortmou hemp met sakwapen of wit langmou hemp met das. (moue afgerol)

c) Bottelgroen skooldas/matriekdas/top-3 akademiese das saam met langmouhemp of kortmouhemp.

d) Swart skoolskoene

e) Grys kouse.

f) Bottelgroen kleurbaadjie met sakwapen.

g) Bottelgroen skooltrui sonder embleme of oortrektrui - die trui se mou mag nie gate in hê nie.

h) Leerders wat aan drie of meer wedstryde deelgeneem het vir ‘n sekondêre

eerstespan mag die voorgeskrewe serp op ‘n daaglikse basis dra. Die afrigter mag na eie oordeel besluit om nie die serp toe te ken nie. Die

punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

i) Provinsiale-/sone-/streek drag (formeel) wat verwerf is deur die opname in ‘n provinsiale-/sone-streek sportspan of die landsdiensbaadjie mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word. Indien die drag slegs ‘n sweetpakbaadjie behels moet dit saam met skooldrag gedra word.

j) Eerstespanbaadjies mag op die laaste Vrydag van elke maand gedra word deur leerders wat aan drie of meer wedstryde/byeenkomste vir ‘n eerstespan deelgeneem het. .

k) Leerders mag die voorgeskrewe bottelgroen serp dra. Die punte van die serp mag nie laer hang as die leerder se heupe nie.

Vrydagdrag: Opsioneel (Gr.1 -12 leerders)

a) Leerders mag op Vrydae Vrydagdrag aantrek skool toe.

b) Leerders wat detensie of strafklas sit, mag nie Vrydagdrag aantrek skool toe nie.

c) Vrydagdrag bestaan uit die groen Loffie T-hemp en ’n sivvie broek.

d) Vrydagdrag is nie sivvies nie. Leerders moet te alle tye netjies lyk. Geen grimering of juweliersware mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.

e) Vrydagdrag mag ook op Vrydae tydens eksamens of toetsreekse gedra word.

f) Die broeke moet voldoen aan die vereistes soos voorgeskryf word op sivviedae.

g) Seuns: Kortbroeke wat gedra word mag nie korter as die helfte van die bobeen se lengte wees nie. Geen kort kortbroeke of noupassende broeke word toegelaat om te dra nie.

h) Dogters: Kortbroeke wat gedra word mag nie korter as die helfte van die bobeen se lengte wees nie. Geen kort kortbroeke, noupassende broeke of rompe/rokke word toegelaat om te dra nie. Geen swart poliëster sportbroeke mag deur sekondêre dogters gedra word nie.

i) Kortbroeke op Vrydae mag slegs “stone”(sand) (chino ontwerp) of swart (poliëster) van kleur wees. Geen bruin, kaki, bont- of

helderkleurige broek mag gedra word nie.

j) Dogters mag “Stone”(sand)-kleur of swart langbroeke of kuitbroeke op Vrydae dra. Seuns mag “Stone”(sand)-kleur of swart langbroeke met ’n Chino-snit dra. Langbroeke of kuitbroeke (swart of “stone”) moet van katoen materiaal (cotton twill) gemaak wees, wat dit semi-formeel van aard laat voorkom.

k) Denimbroeke, mag net op gespesifiseerde Vrydae saam met die groen Loffie T-hemp gedra word. Hierdie dae sal aangekondig word.

l) Leerders wat nie Vrydagdrag wil dra nie, moet normale Loffie skooldrag dra.

m) Saam met die Vrydagdrag mag leerders slegs tekkies of toeskoene aantrek. Geen plakkies, sandale of stewels mag saam met Vrydagdrag gedra word nie. Dit geld vir seuns en dogters.

n) Saam met tekkies en kortbroeke, moet leerder netjiese kort, een kleur, kouse aantrek. Geen helder, bont, snaakse kleur kouse of lang kouse mag aangetrek word nie.

o) Primêre leerders mag op Vrydae kaalvoet skool toe kom.

p) Die Loffie T-hemp mag ingesteek word of uithang. ’n Hemp wat te lank is mag nie bo-oor ’n kortbroek hang nie. Hemde wat te lank is moet ingesteek word.

q) Indien dit ’n koue dag is, mag leerders ’n skoolsweetpak, net ’n skoolsweetpakbaadjie of matriekbaadjie saam met die Vrydagdrag dra. (Geen skooltruie, of skoolbaadjies mag saam met Vrydagdrag aangetrek word nie. Leerders moet netjiese sportkouse aanhê.)

r) Neem kennis dat die groen Loffie T-hemp slegs op Vrydae, tydens Buite LO, en tydens sekere wedstryde/byeenkomste, soos swem en atletiek, gedra mag word.

B: Sportdrag

Geen ander sweetpak, as die amptelike groen sweetpak van Gelofte Skool, mag gedra word na sportgeleenthede nie.

Enige sportdrag wat vir eerstespanne bestel en gemaak word, is onderhewig aan goedkeuring deur die beheerliggaam. Hierdie reëling geld ook vir enige sport, vir die aankoop van enige kleredrag, waar die ontwerp van die klere verander.

Geen ander pet/keps/hoed as die amptelike groen pet/keps/hoed van Gelofte Skool mag by sportbyeenkomste en by sportwedstryde gedra word nie. Die groen pet/keps/hoed is by die Loffie Klerekas beskikbaar.

1. <u>Tennis</u>

<u>Seuns</u>

Swart broek.

Wit hemp met kort aangesnyde moue en geel boorsel met wit kraag en skoolwapen op linkerbors.

Wit kouse

Opryg tennis tekkies

<u>Dogters</u>

Moulose bottelgroen hemp met wit pante in sye. (Wit kraag, bottelgroen lyf, wit pante in sye met geel boorsel, skoolwapen op linkerbors.

Bottelgroen romp met wit pante in sye. (Bottelgroen romp met wit pante in sye met geel boorsel en bottelgroen ingewerkte ski-broek)

Kort wit kouse

Opryg tennis tekkies

2. <u>Atletiek</u>

Sekondêre afdeling

Groen Gelofte broekie of amptelike atletiekbroekie.

Gelofte atletiekfrokkie

Primêre afdeling

Groen Gelofte broekie of amptelike atletiekbroekie.

Gelofte atletiekfrokkie

3. <u>Landloop</u>

Sekondêre afdeling

Groen Gelofte broekie of amptelike atletiekbroekie.

Gelofte atletiekfrokkie

Primêre afdeling

Groen Gelofte broekie of amptelike atletiekbroekie.

Gelofte atletiekfrokkie

4. Netbal

Eerste spanne

Sekondêr

Eerstespandrag (Word deur die afrigter bestel)

Oorwegend wit rok met goue panele langs die kant. Die groen en goud word gesublimeer aan die onderkant van die rok sowel as op die skouer. Die skoolwapen verskyn op die linkerbors. (Soos goedgekeur deur die beheerliggaam) Wit loffiekouse is deel van wedstryddrag.

O/14 – Tweede span

Groen romp en Wit en groen hempie (Slegs by skool beskikbaar)

Primêr

Eerstespandrag (Word deur die afrigter bestel en is goedgekeur deur die beheerliggaam)

Groen rok met geel en wit.

Wit Loffiekouse is deel van wedstryddrag.

O/9 – Tweede span

Groen broekie en Wit en groen hempie (Slegs by skool beskikbaar)

5. Hokkie

Seuns

Primêr

Groen/Wit Gelofte broekie, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag) en skool se rugbykouse.

Sekondêr

O/16

Swart broek, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), rugbykouse.

Eerste span

Eerstespandrag (Slegs beskikbaar by skool)

Wit broek, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), groen, wit en ougoud kouse

Dogters

Primêr

Tweede span en midi span

Groen “scooter” rompie, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), rugbykouse

Eerste span

Eerstespandrag (Slegs beskikbaar by skool)

Geel rok met groen band langs die sye.

Sekondêr

O/14 – 2de span

Groen romp en Wit en groen hempie (Slegs by skool beskikbaar) en groen, wit en ougoud kouse

Eerste span

Eerstespandrag (Slegs beskikbaar by skool)

Groen romp en bloes met ougoud band aan die sye.

6. Rugby

Primêr

O/9 – Tweede span

Wit broek, bottelgroen trui met wit streep oor skouers en ougoud streep langs sye.

Eerste span (Primêr)

Eerstespandrag (Afrigter bestel die drag)

Groen broek, wit trui met ougoud bande aan sye en groen kraag.

Sekondêr

O/14 – Tweede span

Swart broek, groen trui met horisontale strepe (twee wit met

ougoud in die middel), groen, wit en ougoud kouse en stewels.

Eerste span

Eerstespandrag (Slegs beskikbaar by skool)

Groen broek, wit trui met groen bande aan die sye en ‘n ougoud band oor die skouers met eerstespankouse.

7. Krieket

Primêr

O/10 – Tweede span

Wit kortbroek, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), rugbykouse.

Eerste span

Wit kortbroek met rugbykouse en Loffiehemp (wit hemp met groen kraag) en pet.

Sekondêr

O,/14 – 2de span

Wit/roomkleurige langbroek, Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), wit kouse, groen hoed/Loffiepet.

Eerstespan

Room/wit langbroek, wit langmou/kortmou kraaghemp, wit kouse

en oorwegend wit skoene, room/wit kriekethoed (spesiale toekenning) of eerstespan pet.

8. Mini-krieket

Groen Gelofte broekie en Loffiehemp (wit hemp met groen kraag), rugbykouse.

9. Skaak

Wintersdrag of Formele skooldrag (Primêr)

10. Swem

Groen Gelofte T-hemp en groen, swart of wit broekie of/en skoolsweetpak

Dogters

Vollyf groen en geel kostuum

Gelofte swemkeps

Groen of swart handdoek

Seuns

Groen en geel speedo of fietsrybroek

Gelofte swemkeps

Groen of swart handdoek

11. <u>Gholf</u>

Kakiekleurige lang- of driekwartbroek

Eerstespan gholfhemp

Wit kouse

Gholfskoene/tekkies (Primêr)

12. <u>LO-drag en oefendrag</u>

GF LO-drag: Groen broek en groen loffie T-hemp of skoon Wit T-hemp. (Die wit T-hemp sal aan die einde van 2024 uitfaseer word.)

Sekondêr en gr.4-7 (Vir Drama ook): T-hemp en sportbroek/sportrompie (Fietsrybroeke mag nie uitsluitlik gedra word nie)

Leggings kan deur dogters as oefendrag gedra word, maar moet saam met ’n hemp wat die sitvlak bedek gedra word. (Die hemp moet voor en agter ewe lank wees.)

Oefendrag: Soos bepaal deur organiseerder/afrigter na konsultasie met skoolhoof. (Verkieslike gemaklike drag wat toepaslike is by die sportsoort)

C: Drag tydens sportgeleenthede

1. Alle leerdertoeskouers moet geklee wees in skooldrag soos beskryf in punt 5A van hierdie gedragskode wanneer daar tuis- of weg <u>sportdae</u>* is.

   Sportdae is wanneer die hele skool en al die sportsoorte teen ’n ander skool deelneem.

   a) Ondersteunersdrag (skooldrag) tydens sportdae is net van toepassing op gr.4-12 leerders.
   b) Gr.1-3 leerders mag in sivvie klere of Vrydagdrag opdaag.
   c) Vrydagdrag mag nie op Vrydae tydens Aandreeks gedra word nie.
   d) Leerders mag wel gedurende die week of oor naweke, wanneer daar een sportsoort tuis of weg plaasvind, Vrydagdrag of skoolklere as

ondersteunersdrag aantrek na hierdie sportgeleenthede.

2. Deelnemers is as volg geklee voor en/of na wedstryde:

a) Volledige skooldrag; OF

b) Volledige skooldrag by die eerste rugbyspan wedstryde. Indien die betrokke deelnemer se eie wedstryd minder as 20 minute voor die eerste rugbyspan se wedstryd voltooi word, mag die eerstespan wedstryd in sportdrag bygewoon word; OF

c) Volledige skoolsweetpak met sporttekkies; OF

d) Volledige sportklere met ‘n sweetpakbaadjie of die Gelofte eerstespan baadjie. (uitgesonder krieket wat die skool se kleurbaadjie dra) OF

e) Volledige sportklere.

f) Skoolbaadjies en/of truie word, met die uitsondering van krieket-, netbal- en hokkie eerstespanne, onder geen omstandighede saam met sportdrag gedra nie.

g) Deelnemers is slegs geklee in die sportdrag soos beskryf in punt 5A van hierdie gedragskode. Geen byvoeging kan dus gemaak word nie soos bv. die dra van fietsrybroeke. Hierdie broeke is wel toelaatbaar indien dit nie sigbaar gedra word nie.

h) Graad 1-3 leerders mag siviele drag dra indien hulle toeskouers is.

i) In die gevalle van eerstespanne moet alle lede van die span eenvormig aangetrek wees. Volledige wintersdrag word gedra voor wedstryde.

AFDELING VIER:
HANTERING VAN ERNSTIGE GEDRAGSPROBLEME, HERHAALDE OORTREDINGS OF ‘N OPEENSTAPELING VAN OORTREDINGS VOLGENS DIE AANMELDINGSTELSEL EN DETENSIE (Bl.51 – 56)

Oortredings op die aanmeldingstelsel word weekliks uitgedruk en die volgende aksies geneem ten einde probleme vroegtydig te identifiseer sodat dit aangespreek en die ouers op hoogte van sake gehou kan word. Die aanmelding van leerders word deur die graadhoof of departementshoof gemonitor en opgevolg.

1. Die volgende aksies moet geneem word om te voorkom dat gedragsprobleme eskaleer:

a) Prestasie navraag of graad vergadering.
b) Kontrolevorm – daaglikse kontrole vir ’n week lank.
c) Aanmeldings – Kontak ouers as aanmeldings herhaaldelik voorkom.
d) Detensie – kontak ouer wanneer detensie as straf gegee word. (Gee mondelings verslag.)
e) Stuur die ouer ’n brief van bekommernis.
f) Strafklas/Vierkant – Pouse word weggeneem of Eksamensessie word aangeskuif.
g) Stuur leerder huis toe (Na konsultasie met die hoof).
h) Ontneem meer voorregte – soos sokkies, sosiale geleenthede, buitemuurse aktiwiteite.
i) Finale waarskuwings brief en interne verhoor met ouer.

2. DETENSIE – REËLS EN REËLINGS VIR LEERDERS EN PERSONEEL.

2.1 LEERDERS:

a) Detensie vind op ‘n Vrydagmiddag, onder die toesig van personeel, soos volg plaas:
- 14:05 – 15:05 (Graad 1-3)
- 14:05 tot 15:35 (Graad 4-6)
- 14:05 tot 16:35 (Graad 7-12)
- Op die laaste Saterdag van die kwartaal vir ’n 8 ure sessie by die skool (Sien 2.10)
- of ander tyd soos met leerders gereël.

b) Leerders is verantwoordelik om detensie briewe aan ouers te gee en skeurstrokie geteken terug te bring en vir die graadvoogde te gee.

c) Verskonings moet skriftelik per brief of per e-pos vir die hoof of adjunkhoof gestuur word. Verskonings moet voor 13:00 op ’n Vrydag die hoof of die adjunkhoof bereik. (Vervoerprobleme en Vrydae buite skool aktiwiteite sal nie as verskoning aanvaar word nie.)

d) Leerders wat gereeld (twee agtereenvolgende Vrydae) tydens detensie afwesig is, se ouers sal eers ’n brief ontvang waarop die bestuur se bekommernis uitgespreek word. Daarna sal die ouers ’n finale waarskuwingsbrief ontvang, dat leerders vir drie dae by die huis gaan bly.

e) Indien detensie tydens Vrydae middae onsuksesvol is, of indien ’n leerder op ’n gereelde basis op Vrydae verskoning het, sal hierdie betrokke leerder vir 3 agtereenvolgende dae by die huis moet bly. Daar sal nie spesiale vergunning gemaak word vir leerders wat nie detensie op ’n Vrydag kan sit nie. Leerders moet detensie sit met betrekking tot die oortredings wat begaan is. Leerders wat vir 3 dae by die huis moet bly, se detensiepunte sal nie verminder nie.

f) Tydens detensie sal leerder uitskryf werk kry. Hierdie uitskryf werk sal per fase hanteer word.

g) Leerders moet gedurende die kwartaal sy/haar detensie afwerk voor die kwartaal verby is of voor die detensies vir die kwartaal eindig. Leerders wat teveel uitstaande detensies het, en nie moeite doen om detensies af te werk nie, se voorregte by sekere skoolaktiwiteite sal ontneem word. Hierdie voorregte sluit in, maar is nie beperk tot: sportdeelname, sivviedae, sokkies/danse, konserte en opvoerings, blokdae tydens eksamens en eksamens op alternatiewe tye skryf.

h) Leerders wat nie teen die einde van die kwartaal hulle detensie afgewerk het nie, sal op die laaste Saterdag van die kwartaal ’n 8 ure sessie by die skool moet kom sit. (Slegs van toepassing op leerders met 300 en meer uitstaande punte) Geen verskonings sal aanvaar word nie.

i) Leerders wat nie hulle volle samewerking tydens detensie verleen nie, wat die orde versteur of wat herhaaldelik afwesig is van detensie, sal op die aanmeldingstelsel aangemeld word en die detensie die eerste volgende detensiedag herhaal indien dit nodig geag word. Ons verwys ook na punt 1.5 hier bo.

j) Leerders wat ’n derde detensie moet sit, se ouers sal geskakel word vir 'n afspraak.

k) Leerders moet betyds vir detensie by die klas, waar dit sal plaasvind, aanmeld. Leerders wat laat kom, se tyd sal aangeteken word. Leerders moet voor detensie begin, die badkamer besoek.

l) Leerders moet detensie in skooldrag sit. Al is daar ’n sivviedag by die skool gereël, verbeur die leerder die voorreg om sivvies of Vrydagdrag te dra. Leerders wat nie in skooldrag is nie, sal ’n addisionele dag se detensie ontvang.

m) Leerders wat nie vir die volle duur detensie sit nie, sal nie die volle afslag punte ontvang nie. (Sien punt 1.5)

n) Leerders wat nie gedurende die tweede of vierde kwartaal die volle detensie punte gedurende die kwartaal afgewerk het nie, se voorregte sal tydens die eksamen ontneem word. Leerders sal detensie moet afwerk deur strafklas te sit (Maandag tot Vrydag), vir een-, twee-, drie weke of vir die volle duur van die eksamen, afhangend van die hoeveelheid detensies wat die leerder uitstaande het wanneer die eksamen begin. Leerders kan op blokdae tuis bly en sit dan nie strafklas nie.

o) Leerders wat hulself skuldig maak aan enige wangedrag of enige reëls oortree tydens eksamen, wat kan lei tot detensie, sal ook tydens die eksamen strafklas sit. Die duur van die tyd sal afhang van die oortreding en die punte wat aangemeld is.

2.2 DETENSIE: PERSONEEL WAT TOESIG HOU

a) Gaan haal die detensie lêer aan die einde van die dag by die admin kantoor.
b) Leerders moet stil en ordelik in die lokaal instap.
c) Verduidelik die reëls vir die dag en wat van hulle verwag word.
d) Leerders moet op die intekenvorm in- en uitteken. (Personeel moet seker maak dat die regte tye ingevul is langs die regte naam).
e) <u>Detensie tye vir die onderskeie grade is soos volg:</u>

Graad 1 – 3	Vanaf 14:05 – 15:00	(55min)
Graad 4 – 6	Vanaf 14:05 – 15:45	(1 uur, 40min)
Graad 7 – 12	Vanaf 14:05 – 16:45	(2 uur, 40min)

f) Indien ’n leerder se naam nie op die intekenvorm is nie, moet die personeellid die inligting by skryf.
g) Indien ’n leerder afwesig is, moet die personeellid dit op die intekenvorm aandui.
h) Indien ’n leerder verskoning gemaak het, sal die sekretaresse dit op die intekenvorm aandui.
i) Die personeel moet verseker dat daar twee vorms is wat voltooi moet word.

j) Alle verskonings wat ontvang is, sal voor in die lêer beskikbaar wees. Indien ’n personeellid onseker is, moet dit die volgende week deur die graadvoog opgevolg word.
k) Indien ’n leerder dissiplinêre probleme gee, moet dit op die vorm aangedui word. Probleme moet die volgende week aan die Graadvoog of Departementshoof genoem word.
l) Leerders wat die klas erg ontwrig moet gevra word om die detensie lokaal te verlaat. Hierdie leerder moet onder die afdak gaan wag. Die aard van die probleem moet neer geskryf word. Indien nodig, sal beide die personeel gevra word om ’n verslag te voltooi.
m) Daar moet altyd twee personeellede aan diens wees vir die duur van detensie. Op hierdie manier is daar altyd ’n getuie wat probleme kan bevestig en wat gebeure kan ondersteun.
n) Personeel gee die volgende uitskryfwerk aan leerders om tydens detensie uit te skryf:

Graad 8 – 12	Handves van verantwoordelikhede vir die jeug van Suid-Afrika/Skoolreëls
Graad 4 – 7	Handves of tafels/Skoolreëls
Graad 1 – 3	Loffieskap/Skoolreëls

o) Geen huiswerk mag gedurende detensie gedoen word nie. (Behalwe vir gr.12 leerders wat toestemming het om gedurende toetsreekse of eksamens te mag leer.)
p) Na afloop van die detensie bly dit die personeellid aan diens se verantwoordelikheid om te verseker dat die alarm gestel en dat die voordeur met die loper gesluit is.
q) Indien u in ’n klas is waar daar nie ’n alarm is nie en u nie deur die voorportaal gaan verdaag nie, moet u asseblief persoonlik met Morris reël dat die alarm aangesit word en dat die skool se adminkantore en voordeur gesluit word.
r) Personeel moet verseker dat alle detensie-leerders uit die skoolgebou is wanneer detensie verby is.
s) Die detensie lêer moet Maandag oggende, voordat voog begin, kantoor toe gestuur word.
t) Graadvoogde moet deur die loop van ’n Maandag, by die ontvangskantoor in die lêer gaan kyk, of daar enige probleme met leerders was.

3. Aangeleenthede rakende eksamens en die voorreg om tuis te studeer

Departementele beleid skryf voor dat leerders daagliks tydens eksamens vir die volle tydsduur van die skooldag teenwoordig moet wees by die skool. Aangesien ‘n groot aantal

leerders en hul ouers verkies dat hul tuis studeer, geld die volgende reëling tydens eksamens:

3.1. Hierdie reëling is ‘n voorreg wat enige tyd teruggetrek kan word en is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

3.1.1. Ouers van leerlinge moet skriftelik toestemming verleen dat die leerder tuis mag bly om te studeer en dat die ouer volle verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.

3.1.2. Leerders sal slegs toegelaat word om tuis te studeer indien die totale debiete voor die eksamen minder as 100 beloop.

3.2. Leerders wat by die skool studeer a.g.v. die bepaling soos in 4.1.2 uiteengesit, moet die volle skooldag soos dit vir die personeel geld, by die skool wees.

3.3. Indien dit as in belang van die leerder beskou word, soos wanneer die leerder se akademiese prestasie baie swak is of wanneer meer as 100 punte in totaal op die aanmeldingstelsel aangeteken is, kan die skool hierdie vergunning terugtrek sodat die leerder by die skool moet wees om te studeer.

3.4. Indien ‘n leerder se gedrag tydens ‘n eksamensessie nie na wense is nie, kan die toesighouer, na oorlegpleging met die graadvoog en/of skoolhoof, weier om die leerder die betrokke vraestel te laat skryf en kan daar van die leerder verwag word om die betrokke vraestel en alle verdere vraestelle daagliks op ‘n latere tydgleuf as voorgeskryf in die eksamenrooster, te skryf.

(Hierdie gedragskode sal geld tot daar nuwe aanpassings aangebring word. ’n Getekende weergawe is by die skool beskikbaar

_____ _____

Hoof ***Beheerliggaam voorsitter***

_____

DATUM